PAUL ROOS KOSHUISTOELATING: ONDERNEMING DEUR LEERDER EN OUERS

Leerder naam en van: _____

Graad: _____

Koshuis: _____

Ek, die ondergetekende leerder

1. neem kennis dat toelating tot koshuisverblyf ‘n voorreg is en nie ‘n outomatiese reg nie;

2. aanvaar die waardes, beleide en reëls wat vir Paul Roos Gimnasium koshuistoelating en -verblyf geld, en ek onderneem om sowel die letter as die gees daarvan na te kom;

3. sal my mede-leerders, onderwysers en koshuispersoneel respekvol en billik behandel;

4. onderneem om die koshuis se eiendom en mede leerders se besittings te respekteer en met dieselfde mate van sorg te hanteer as wat ek hoop my besittings hanteer sal word;

5. bevestig hiermee uitdruklik dat ek:-

   5.1 nie in of op die koshuisperseel sal rook of alkohol, dwelms (insluitende ‘sagte’ dwelms bv. dagga), of ander verbode middels sal inbring, in my besit sal hê of gebruik nie;

   5.2 my nie sal skuldig maak aan enige handelinge van fisiese of psigiese geweld, gevegte, teistering, boeliegedrag, diefstal, vandalisme of enige ander onbehoorlike gedrag wat tot nadeel van die koshuis of my mede-leerders sal strek nie;

6. **aanvaar dat, indien ek na afloop van ‘n regmatige proses aan enige onderstaande oortreding skuldig bevind sou word, ek my plek in die koshuis met onmiddellike effek sal verbeur:**

   6.1 Boeliegedrag;
   6.2 Vandalisme;
   6.3 Diefstal;
   6.4 Drank/dwelmgebruik, of die besit van drank/dwelms;
   6.5 Afwesigheid sonder toestemming na ligte uit.

Ek/ons die ondergetekende, ouer(s)/voog(de) van bogemelde leerder neem kennis van bogenoemde en gaan daarmee akoord. Ek/ons stem saam dat die handhawing van streng dissipline onontbeerlik is vir goeie orde in die koshuis, vir gemoedsrus van die ouers wat hul seuns aan PRG toevertrou, en vir veiligheid en welstand van ‘n groep jong manne met diverse persoonlikhede en behoeftes.

Geteken te _____ op _____ Januarie 2024.

_____ _____

Ouer Leerder